Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 27 April 1949 Prys 3d. No. 23

# Ierland Verlaat Ryk Met Goeie Britse Wense

**Die feit dat die Britse koning en die Britse eerste minister boodskappe van gelukwensing aan Ierland gestuur het toe hy 'n republiek geword het, toon hoe maklik dit vandag vir Suid-Afrika is om sonder slag of stoot 'n republiek te word. Brittanje is vandag in 'n posisie dat hy moet voldoen aan die eise van die dominiums en in 'n poging om hul welwillendheid te behou kan hy slegs boodskappe stuur waarin onderlinge samewerking aangeprys word.**

Dat selfs ook die anti-republikeinse Engelse blad, die Cape Times, dit moontlik vind om instemming te betuig met die wegbreking van Ierland uit die Britse Ryk, is besonder betekenisvol. Onder meer verklaar die blad in hierdie verband:

„'n Konvensionele uitdrukking in die Koning se toespraak in die Britse parlement in dae wat verby is, handhaaf dat ‚ons verhouding teenoor vreemde moondhede vriendskaplik bly'. **Die amptelike gelukwensing aan die ‚vreemde moondheid' Ierland het die feit beklemtoon dat die besluit van Ierland die vriendskap in geen opsig vernietig nie. Sy Majesteit en die Britse eerste minister beklemtoon die bande van vriendskap en samewerking, wat nie verbreek hoef te word nie.** Dr. Malan het verder gegaan en 'n versterking van die bande met Brittanje gesuggereer as gevolg van die vervulling van die Ierse republikeinse strewe — 'n algehele losmaking van Brittanje. Dit sal nie die eerste keer in die geskiedenis wees dat Brittanje 'n besitting verloor nie en uiteindelik in hom 'n standvastige vriend en bondgenoot vind nie."

**„GOEIE WENSE"**

„Binne Ierland self stel die nuwe status van Eire die eenheid van die Ierse volk vir 'n onbepaalde tyd uit. Noord-Ierland begeer om in die Gemenebes te bly en dit sal baie pogings eis om hom van sy standpunt te laat afsien. Ander lande van die Gemenebes mag 'n les leer dat verdeeldheid binne 'n volk aanleiding gee tot komplikasies en bitterheid wat baie minder met Brittanje te doen het as met plaaslike mededinging. Mnr. Sean McBride se opmerking in Chicago onderstreep hierdie feit. **Maar, vandag is dit goeie wense aan die Republiek van Ierland, voorspoed en langdurige vriendskap", aldus die Cape Times.**

## GAAN SY WIT VROU BEHOU

Omdat sy stam nie bereid is om sy wit vrou as hul koningin te aanvaar nie, het Seretse Khama, die wettige troonopvolger van die Betsjoeanas, alle verbindings met sy oom en regent, Tshekedi, verbreek en hou hy nou slegs kontak met die elemente in sy stam wat ontslae wil raak van die huidige bewind. Hulle tel 'n klein minderheid.

Teen die besliste en uitgesproke begeerte van die stam, staan Seretse daarby dat hy sy wit vrou, Ruth Williams, na Betsjoeanaland gaan bring as hy teen Junie, wanneer sy eksamens afgeloop is, terugkeer.

Een van die raadgewers van die huidige regent het verklaar: As Seretse met sy wit vrou die land inkom, is die volk verdeel.

---

**Die pruik van die Speaker en die drie lede van sy personeel wat in die Volksraad sit, moet afgeskaf word, het mnr. Dirk Mostert, L.V., in die volksraad gesê.** Die pruik is nie nodig nie en pas nie by die tydgees nie. Die togas kan terwille van waardigheid behou word.

# Malan-Besoek 'n Groot Sukses Sê Engelse Pers

**Die Cape Times se korrespondent berig uit Londen dat Britse kringe oortuig is dat dr. Malan geensins van plan is om 'n republiek binne die Statebond uit te roep wanneer hy na Suid-Afrika terugkeer nie, maar dat inteendeel geglo word dat die „bande van vriendskap en aktiewe samewerking tussen die onafhanklike dominium van Suid-Afrika en Brittanje besig is om sterker te word".**

**Britse blaaie is van mening dat dr. Malan se besoek aan Engeland 'n groot sukses is.**

**Die korrespondent berig dat konstitusionele denkers wat van oordeel is dat republieke binne die Ryk die teorie van die Britse Statebond tot vervolmaking sal bring, op die lang duur reg kan wees, maar dat die moeilikhede wat op die oomblik oorbrug moet word, baie aanhangers van die idee sal laat terugdeins.**

Daar word verklaar dat hoewel daar geen amptelike inligting verkry kon word nie, aangeneem word dat die konferensie van eerste ministers twee voorstelle gehad het om te oorweeg verlede Vrydag. Die een is dat die koning hoof bly van die Statebond, maar nie noodwendig hoof van die afsonderlike state nie. **Die ander is dat die koning ook nog die addisionele amp van „president" beklee. Hy sal dus koning bly van Engeland, Kanada, Suid-Afrika en ander dominiums, maar president wees van Indië of enige dominium wat later mag uittree. Hierdie voorstel hou in dat republikeinse dominiums 'n onderpresident sal kry in die plek van die huidige goewerneur-generaal.**

**REPUBLIEK SONDER VERANDERINGS**

Volgens berigte het dr. Malan 'n belangrike aandeel geneem in die samesprekings op die konferensie en verklaar dat „binne die huidige raamwerk van die Statebond plek gevind kan word vir die lande wat 'n republikeinse status verkies en nogtans hul noue betrekkings met die Statebond wil handhaaf **sonder om hul binnelandse politieke samestelling te verander."**

Dr. Malan se houding word opgesom soos hy dit in die senaat gegee het, naamlik dat die Unie-regering die betrekkinge met die ander lede van die Statebond wil handhaaf so lank as die Unie op volle onafhanklikheid aanspraak kan maak: **„Mits daar geen inbreuk op daardie vrye en onafhanklike regte van individuele lede van die Statebond is nie, is ons nie voornemens om die genootskap te verlaat nie."**

**„SUKSES"**

Omtrent dr. Malan se besoek berig die Cape Times se korrespondent dat dit „reeds 'n merkwaardige sukses blyk te wees". „Sowel hy as mev. Malan het gou vriende gemaak in Whitehall, in die Paleis en onder die

(Vervolg op bls. 8 kol. 1)

# MONDE LOOP OOR VAN MALAN-SMUTS-KOALISIE

## SIMPTOME VAN 1933 DUIK OP

**Die gedagte aan 'n koalisie tussen die Verenigde en Herenigde Partye beweeg tans in baie gunstiger klimaat as 'n paar maande gelede, en die mening word al uitgespreek dat met die verdwyning van strydpunte tussen die twee groot partye, veral na dr. Malan se jongste verklaring oor buitelandse beleid, die pad weer oop is tot 'n koalisie en selfs samesmelting soos in 1933. Indertyd het ekonomiese oorwegings 'n saamstaan afgedwing en die pad daartoe is gebaan deur die afstanddoening van die republikeinse beginsel deur die Nasionale Party.**

**Inderdaad is die eenstemmigheid oor buitelandse beleid, wat altyd die kwaaiste verskilpunt was, vandag veel groter as indertyd tussen genl. Hertzog en genl. Smuts. Oor die kwessie van deelname aan 'n Britse oorlog was daar tot kort voor die uitbreek van die oorlog 'n groot meningsverskil tussen die twee Generaals. Vandag daarenteen bestaan hieroor geen verskil nie, en dr. Malan sal in Londen samesprekings voer oor gemeenskaplike Ryksverdediging.** Bowendien het hy hom heelhartiglik geskaar by die huidige konstitusie van die Statebond. Die eensgesindheid is dan ook so groot dat die kwaaiste Empire-blaaie in die land met dr. Malan saamstem en hom loof vir sy staatsmanskap. **Hulle voel veral tevrede met die vooruitsig dat hy te vinde sal wees vir 'n republiek binne die Statebond — iets wat die Argus steun as synde verstandig en diplomaties in die oë van konstitusionele deskundiges (natuurlik Britse deskundiges).**

**GROOT STOOT**

Indien dr. Malan so 'n formule uit Londen saambring, sal daar dus eenstemmigheid tussen die H.N.P. en 'n groot deel van die V.P. heers, wat samewerking 'n groot stoot vorentoe sal gee.

Maar ook ten opsigte van binnelandse probleme is die verskille besig om glad geslyp te word.

Oor die oplossing van die naturellevraagstuk wat al die jare 'n strydvraag was, skyn daar ook groter eenstemmigheid te wees. Terwyl die H.N.P. van „apartheid" praat, praat die V.P. van „afsondering" **en in die volksraad het dr. Malan reeds aangetoon dat daar genoeg grond van ooreenstemming is tussen die twee partye oor hierdie vraagstuk dat hulle kan saamwerk.** Daarom het hy 'n kommissie voorgestel wat die naturellevraagstuk buite die partypolitiek moet oplos.

**KOALISIE**

V.P.-blaaie, waaronder die Argus, het die afgelope tyd gepleit vir 'n koalisie. Afgesien van die politieke voordeel wat die blad waarskynlik uit so 'n koalisie sien te haal, is dit ook 'n uiting van 'n gedagterigting wat wyer as die V.P. skyn te strek, soos blyk uit die betekenisvolle reaksie van Die Burger op 'n brief wat in die rigting praat. Onder meer verklaar die briefskrywer: „Die tyd het aangebreek dat ons binnelandse eenheid moet verkry. Helaas, dit kan alleen gebeur as genl. Smuts en dr. Malan mekaar die hand gee. **Watter vreugde sal dit nie vir elke Suid-Afrikaner wees as so iets gebeur nie."**

In sy voetnoot het die H.N.P.-blad hierop geantwoord: **„Die leser het uit die oog verloor dat ten opsigte van die gevaar van 'n oorlog en 'n Kommunistiese oorwinning daar tussen die twee groot politieke partye 'n basiese eenheid van uitkyk is wat nog nooit te vore in Suid-Afrika in 'n wêreldkrisis bestaan het nie."**

Verlede Donderdagaand het ook mnr. Arthur Barlow binne die volksraad gepleit vir samewerking tussen die partye.

## WAAR KRY LAWRENCE DIE DOKUMENTE?

Die voorlees uit vertroulike staatsdokumente deur mnr. Harry Lawrence, voormalige Minister van Binnelandse Sake, in die Volksraad, het die afgelope week aanleiding gegee dat die Minister van Justisie mnr.

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

Lawrence versoek het om aan die volksraad te vertel hoeveel hoogs vertroulike dokumente hy nog in sy besit het wat blykbaar uit die Unie-gebou geneem is toe die nuwe regering bewind aanvaar het.

Mnr. Swart het aangevoer dat mnr. Lawrence nie geregtig is om in besit te wees van staatsdokumente nie. Dit is 'n ongeoorloofde toedrag van sake.

Mnr. Lawrence het nog nie op hierdie vraag geantwoord nie.

## L.V.'S BEGIN PRAAT VAN VERSKUIWING

**'n Standpunt wat 'n tyd gelede in Die O.B. bepleit is, naamlik dat die Parlement van Kaapstad na Pretoria verskuif moet word omdat die huidige dualistiese stelsel nie meer pas in die huishouding van Suid-Afrika nie, is Vrydag in die Volksraad deur mnr. J. S. Labuschagne, Afrikanerparty-L.V. vir Kliprivier, bepleit.**

Hy het die vraag gestel of die tyd nie aangebreek het dat die Parlementsgebou en sy geriewe wat ontoereikend is, na Pretoria verskuif moet word nie.

Mnr. A. H. Eaton (V.P., Durban) het gesê dat dit vir L.V.'s en hul gesinne ongerieflik is om na Kaapstad te kom. Die geriewe vir lede in die Parlement is ontoereikend. Voordat verdere geld aan uitbreiding bestee word, moet daar oorweging geskenk word of die Parlement nie verskuif moet word nie.

Mnr. N. C. Havenga het verklaar dat die aanroer van die klagte oor geriewe eintlik die vraag raak waar die Parlement moet vergader. **Dit kan alleen met wetgewing gedoen word en as sulke wetgewing voorgestel word, kan spreker dit dalk steun.**

**Dis te hope dat wanneer 'n nuwe wetgewende gebou opgerig word, hy op Afrikaanse model geskoei sal wees, naamlik soos 'n raadsaal en nie soos 'n slagveld nie, ingerig.**

---

**Die Minister van Finansies** het 'n baie gunstige reaksie van die finansiële instellings ontvang ten opsigte van sy plan om 'n korporasie te stig om geld wat onbedrywig lê in te span. Die doel hiervan is om 'n mark te skep vir korttermynbelegging.

Daar sal nog gedurende hierdie sitting wetgewing ingedien word om die korporasie in die lewe te roep.

# H.N.P. WAS TOT 8 APRIL TEEN REPUBLIEK BINNE STATEBOND

**Die H.N.P.-pers was die afgelope week baie bedrywig om aan die republikeine te beduie dat wat dr. Malan verklaar het in die senaat oor die regering se voorneme om binne die Britse Statebond te bly solank sy reg om dit te verlaat nie betwis word nie, goed te praat as 'n voortsetting van die ou beleid. Ongelukkig wil die geskiedenis 'n ander uitspraak oor hierdie ommeswaai gee, en ons gaan die geskiedenis aan die woord stel om sy plig teenoor die republikeinse stryd na te kom.**

Afgesien van uitlatings deur H.N.P.-leiers wat afskeiding van die Britse Ryk as noodsaaklik beskou het, was daar die Republikeinse Strydfonds waarvoor die H.N.P. 'n jaar of drie vier gelede 'n voltydse kollektant in die persoon van dr. A. J. R. van Rhyn in die veld gehad het. Dr. Van Rhyn het dwars deur die land „silwerkoeëls" vir die republiek ingesamel, en oor hoe daardie republiek sou lyk, was daar nie veel onduidelikheid nie. Dr. Malan het op 23 Januarie 1942 'n konsepgrondwet laat publiseer wat moes dien as „leidraad" vir die toekomstige republikeinse konstitusie. **By daardie konsep staan die O.B. vandag nog as 'n grondslag vir ons toekomstige Republiek BUITE die Britse Statebond.**

**DR. OTTO DU PLESSIS**

Maar daar was ook geen onduidelikheid oor die vraag of die republiek binne of buite die Statebond sou wees nie. Die enigste onduidelikheid het gekom toe dr. Otto du Plessis, tans Voorligtingshoof van die staat, 'n artikel in 'n Engelse blad laat verskyn het waarin hy 'n Empire-republiek binne die Statebond verwelkom het as middel om rasseverdeeldheid uit die weg te ruim. Die H.N.P.-leiding het so sterk standpunt ingeneem teen hierdie „afwatering" van die republikeinse ideaal dat dr. Du Plessis, destyds hoofredakteur van Die Oosterlig, **verplig was om sy artikel terug te trek tot bevrediging van dr. Malan en die ander H.N.P.-leiers.**

In Die Burger en Transvaler van 3 Februarie 1944 het dr. Du Plessis die volgende verduideliking gegee:

**PERSOONLIKE MENING**

„In my persoonlike kapasiteit en geensins as 'n amptenaar van die Party of Nasionale Pers Bpk. nie, het ek onlangs in 'n Engelse tydskrif sekere gedagtes omtrent 'n republiek uitgespreek. **Ek het besef dat dit nie ooreenkomstig die verklaarde beleid van die H.N.P. was nie en ek het dit geensins as sodanig voorgestel nie.**

„Persoonlik is dit my oortuiging nog soos dit altyd was dat die beste vir Suid-Afrika 'n republiek sou wees wat van die Britse **Ryk en kroon afgeskei is,** maar wat met lede van die Britse Statebond, net soos met ander bevriende lande saamwerk waar Suid-Afrika se belange dit vereis.

**VERDEELDHEID**

„Terselfdertyd is ek ook oortuig daarvan dat veral met die oog op die hoogs onsekere nabye toekoms in wêreldsake dit van ontsaglike waarde vir ons land sou wees indien tans 'n stap gedoen kon word wat die rasseverdeeldheid sou verminder en nasionale eenheid bevorder.

**„Heeltemal op my eie het ek daarom met die doel die idee uitgespreek van 'n republiek met die behoud van die assosiasie met die Britse Statebond** Indien, het ek gemeen, die Engelse seksie gunstig hierop sou reageer, sou nasionaalvoelende Afrikaners van hul kant miskien kon oorweeg het of dit nie in die omstandighede van vandag as 'n oplossing aanvaar kan word nie.

**GEEN ANDER WEG**

„Van Engelse kant was die reaksie egter die teenoorgestelde van gunstig. My wenk is botweg verwerp — deels met minagting behandel. **Waar dit die geval is, is dit vir my soos trouens vir elkeen duidelik dat daar vir die nasionale Afrikanerdom geen ander weg is nie as om end-uit te volhard op die pad soos aangedui deur die H.N.P. en soos weer op 25 Januarie jl. deur dr. D. F. Malan, L.V. as leier van die Opposisie in die Volksraad gestel en verduidelik."**

Ironies genoeg, het dr. Otto du Plessis dr. Malan nou na Londen vergesel waar hy die standpunt inneem wat hy dr. Du Plessis vyf jaar gelede laat insluk het as synde nie die H.N.P. se beleid nie!

**ERIC LOUW**

Op Beaufort-Wes het mnr. Eric Louw op 17 Januarie 1944 na aanleiding van dr. Du Plessis se artikel verwys na die poging om die H.N.P. te beweeg om sy republikeinse beleid af te water.

Mnr. Louw het o.a. verklaar: „Maar daar is 'n nadraai. **Die republiek moet binne die Britse Statebond bly! Ons kry dan ons republiek met 'n president deur die volk gekies, en hulle behou die lidmaatskap van die Empire. Dit is nou die Britse idee van wat hulle „gee en neem" noem. Ons gee en hulle neem.**

**„Met ander woorde, die posisie bly onveranderd. Daar is slegs 'n naamsverandering. Die bobbejaan is nog vas aan die Empire-paal maar die paal is 'n bietjie meer verhewe en die ketting is nou van blink staal i.p.v. verroeste yster."**

**SKYNREPUBLIEK**

**„Solank ons binne die Britse Gemenebes bly, hetsy as dominium of as skyn-republiek solank sal ons moet worstel met die wurggreep van die Britse kapitalisme en met die implikasies van 'n imperiale ekonomiese beleid.** Ook sal ons gedurig deur die Britse liberalisme belemmer word in ons poging om die kleurvraagstuk en die Jodekwessie op te los.

**„Derhalwe eis die H.N.P. 'n republiek afgesonder van die Britse Ryk, of van enige ander moondheid. Ons wil ons hande vry hê om vriende te maak met wie ons wil en om handel te drywe met wie ons verkies."**

Hierdie woorde onderskryf die O.B. heelhartiglik.

Maar dr. Malan het in die senaat op 8 April gesê dat hy „vierkant staan" by die huidige grondslag van die Statebond en dit nie sal verlaat tensy daar inbreuk op die Unie se regte gemaak word — en dr. Verwoerd en Die Transvaler sê dis geen afwyking van die ou H.N.P.-beleid nie!

# O.B. Verloor Troue Lid

Die Ossewabrandwag aan die Witwatersrand het 'n gevoelige slag gely met die afsterwe van mnr. Albertus Johannes Nolte van Roodepoort.

Mnr. Nolte, wat vroeër 'n groothandelsaak in Somerset-Wes gehad het, was sedert die ontstaan van die O.B. een van die geesdriftigste ondersteuners van die Beweging en hy was die eerste intekenaar op Die O.B.

Enige jare gelede het mnr. Nolte 'n skenking van grond



**Wyle mnr. A. J. Nolte.**

gedoen aan die organisasie vir die doel van vroue-kampe. Later toe hy die grond verkoop het, en die O.B.-deel nie uitgehou kon word nie, het hy 'n aansienlike kontant-bedrag aan die Organisasie geskenk.

Die oorledene laat 'n weduwee, 'n dogter en twee seuns na.

Al sy kamerade betreur die heengaan van 'n staatmaker en hulle voldoen aan sy laaste versoek dat sy heengaan in sy koerantjie aangekondig sal word.

B. GROBLER,
Stafhoof.

# BUURSTATE WORD BESOEK

Die Unie se Buitengewone Ambassadeur, mnr. C. te Water, sal binne die komende weke Suid-Afrika se buurstate en ander gebiede in Afrika besoek — onder meer Noord- en Suid-Rhodesië, Tanganjika, Kenia en Uganda.

Mnr. Te Water sal ook besoek aflê aan Egipte, Griekeland en Italië waar hy met diplomate sal gesels.

Hierdie reis van die Ambassadeur staan in verband met die Eerste Minister se begeerte dat die Unie in 'n groter mate moet saamwerk met ander gebiede in Afrika en dat die Unie tot 'n groot mate leiding in die samewerking moet gee.

**Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B." gesien het.**

# SOOS 'N FAMILIE RONDOM KONING SE EETTAFEL

**Die Eerste Minister van Suid-Afrika, dr. D. F. Malan, en mev. Malan, het Donderdag saam met die Britse koning en sy gesin in Londen geëet. Al die ander eerste ministers, insluitende die van Indië, Pakistan en Ceylon, het saam aangesit.**

Onder die opskrif „Familiekring in Paleis" gee die Cape Times se korrespondent 'n beskrywing van die maaltyd wat hy 'n „familie-aangeleentheid" noem. Die aanwesige eerste ministers wat saam met die koning geëet het, kenskets hy as volg: 'n Engelse advokaat wat 'n sosiale werker in Londen geword het; 'n ryk Hindoe wat Gandhi se rewolusionêre luitenant geword het en lank onder die Kroon in die tronk was; 'n Mohammedaanse regsgeleerde wat Jinnah gehelp het om die Mohammedaanse beweging op te bou; 'n grondbesitter en boer van Ceylon; 'n Skot wat na Nu-Zeeland ge-immigreer het en as 'n dokwerker begin het; dr. en mev. D. F. Malan; 'n voormalige masjinis wat Australië lei; en 'n senior Kanadese diplomaat wat oornag een van Kanada se toonaangewende politici geword het."

**EMPIRE-BANDE**

**Die berig voeg daaraan toe dat die „bande van die Statebond nie duideliker uitgedruk kan word as deur middel van sulke samekomste rondom die koning se tafel nie . . .** Vandag sal hierdie manne wat feitlik as 'n Statebondskabinet byeen is waartoe weinig buitestanders toegelaat sal word, hul samesprekings begin om te besluit oor die toekomstige vorm van die Statebond en tot watter mate republieke met die kroon versoen kan word."

# O.B. WAS REG VOOR HY GEPRAAT HET

**Die woorde in Die O.B. verlede week dat indien ons 'n Empire-republiek kry ooreen komstig dr. Malan se verklaring, suiwere republikanisme 'n slag toegedien sal word, was nog skaars geset of die waarheid daarvan is bewys.** Ons het gewaarsku dat indien Suid-Afrika 'n republiek binne die Statebond kry — dit wil sê 'n Empire-republiek — geen opregte republikein verder vir volle onafhanklikheid sal kan pleit nie omdat aan hom gesê sal word dat hy „die groot werk van dr. Malan" kleineer.

Hierdie woorde het op 20 April in Die O.B. verskyn, maar reeds die vorige dag is dit al bewaarheid toe Die Transvaler in antwoord op die protes van 'n republikeinse nasionalis laasgenoemde as volg uitgetrap het:

„Moontlikhede — en nie swarighede nie — moet elke Nasionalis in hierdie tyd van geleentheid insien en die hande van ons beproefde leier dienooreenkomstig sterk. **Ons moet hom met vertroue steun en bemoedig, en nie met wantrouige bedenkinge — wat bowendien ongegrond is — onteer en in sy groot werk strem nie."**

Ons herhaal ons waarskuwing: **'n Empire-republiek binne die Statebond is 'n groter gevaar vir die republikeinse strewe as die hele Britse leër en vloot tesame.**

**Mnr. P. A. Moore** is die afgelope week tot nuwe L.V. vir Kensington gekies. Mnr. Moore is lid van die V.P.


Gebruik
EPOL
GEBALANSEERDE
RANTSOENE
vir
Maksimum-Produksie
en
Groter Besparing
EPOL
S.A.P.V.
Pluimvee Mengsels en Pille
EPOL
Suiwel- Kalf- en Varkmeel




VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414





WEES BESKERM!
BRAND-Assuransie by—
SANTAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke dwarsdeur die Unie.

DIE O.B., WOENSDAG, 27 APRIL 1949

# VIR REPUBLIKEINE 'N BAIE OU STORIE

**Wyle genl. Hertzog het eenmaal gesê dat 'n staatsman nooit een pad moet aandui en dan 'n ander loop nie. „Wees eerlik met die volk en jy sal altyd op die volk kan reken al doen jy iets waarvan hulle nie hou nie. Hulle sal jou vergewe as jy jou misgis, maar hulle sal jou nooit vergewe as jy hulle mislei nie,"** was sy advies. Genl. Hertzog het dan ook wel seker dinge gedoen wat van tyd tot tyd nie die goedkeuring van al sy volgelinge weggedra het nie, maar dit sal nooit van hom gesê kan word dat hy die volk om die bos probeer lei het nie.

**Toe hy na 1926 teruggekeer het met die soewereine onafhanklikheid van die Unie binne die Britse Statebond, het genl. Hertzog sonder enige dubbelsinnigheid gesê dat ons die volste vryheid het en dat republikanisme geen grond vir bestaan verder het nie. Hy het dan ook sonder versuim die republikeinse artikel vier van sy party se program van beginsel laat skraap en die Nasionale Party het voor vriend en vyand erken dat hy nie meer 'n republikeinse party was nie.** Met hierdie houding het duisende republikeine nie saamgestem nie. Maar hulle het presies geweet waar hulle leier staan.

'n Vyftiental jaar later was genl. Hertzog groot genoeg om te erken dat hoewel die Unie reeds die volste vryheid gehad het om oor sy eie toekoms te beslis, die jongste oorlog bewys het dat daardie reg nie genoegsame waarborg binne die Britse Ryksverband aan ons verleen om selfstandige besluite te neem nie. **Stappe sal na die oorlog gedoen moet word om te verhoed dat ons land weer aan Britse belange onderwerp word, het die Generaal gesê, en veral ook beklemtoon dat 'n hervorming van die Britse parlementêre demokrasie deel van daardie stappe moet uitmaak.**

Weer was dit heldere taal wat vriend en vyand kon begryp — al het dit selfs jarelange vriendskappe in gedrang gebring.

## SKEP VERTROUE

Elkeen sal besef dat mens met sulke leiding of dit verkeerd is of reg, of jy daarmee saamgaan of nie, vertroue skep wat so hoognodig is vir enige volksoptrede. **Niks is meer verlammend nie as wanneer 'n volk keer op keer moet uitvind dat hy met mooi woorde en groot slagspreuke om die bos gelei is.**

In die afgelope weke is duisende Afrikaners wat opreg 'n republiek begeer met „verslaendheid en ontgogeling", soos een brieweskrywer in 'n dagblad dit uitdruk, getref. Die begeerte na 'n republiek **„afgeskei van die Britse Ryk"** is die mense voor die oë gehou deur politici in verantwoordelike posisies, en toe iemand dit 'n paar jaar gelede maar net gewaag het om 'n suggestie uit te spreek van 'n republiek binne die Ryk, moes hy sy woorde baie gou weer insluk. Die volk is verder opgesweep met republikeinse veldtogte vir „silwerkoeëls" waarmee die vrye republiek „losgeskiet" moet word. En nou? **Soos 'n donderslag uit die blou lug verneem die volk dat lidmaatskap binne die Ryk maar „al die jare" die eintlike beleid was. En diegene wat dit durf waag om protes aan te teken teen die afwyking, word hard betig dat hulle 'n „beproefde leier onteer!"**

## BEKENDE STORIE

Maar hierdie soort afpersing van oortuiging het ons volk al lank gelede ondervind sedert hy die Britse parlementêre stelsel met sy uitoorlê-taktiek aanvaar het. **Elke keer wanneer 'n leier omgooi terwille van partypolitieke belang, is daar op die gevoel van die volk gespeel deur „die groot leier" wat dan beproef is en nog nooit afgewyk het nie, voor te hou.** Toe harde republikeine kort na die Tweede Vryheidsoorlog saam met genl. Botha en Smuts gegaan het op grond van hul vertroue in hierdie „republikeinse helde" van die oorlog, het hulle ook hul persoonlike trou gehang oor hul republikeinse heiligdom. **„Alles sal reg kom, genl. Botha lei ons na die republiek; hy is slegs besig om die Engelse ook daarvoor te vang," was die troos. Mense wat rebelle gaan skiet het wat die republikeinse vlag weer wou hys, het vas geglo dat nie hulle nie maar die rebelle die republiek verongeluk, want genl. Botha sal dit op die regte tyd bring met die hele volk agter hom!** En toe genl. Botha naderhand deur genl. Smuts opgevolg is, het van sy Transvaalse ondersteuners tot kort voor die tweede wêreldoorlog volgehou dat hy die republiek sal bring nadat hy die Engelse mak gemaak het!

## SKYNGEVEGTE

**Dit is dus geen nuwe klank wat ons teenkom uit die kolomme van byvoorbeeld Die Transvaler nie, waar die blad 'n republikeinse leser daarvan betig dat hy sy leier se pad na 'n republiek bemoeilik deur beswaar te maak teen sy leier se aanvaarding van lidmaatskap binne die Britse**

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

**Statebond, omdat hy eers die Engelse wil vang vir die republiek!**

**Die verlede het getoon dat dit nie die Engelse is wat gevang geraak is nie, maar die republikeine wat hulle aan die neus laat lei het met mooi woorde van vertroue in „beproefde leiers".**

Ons volk word gedemoraliseer deur partypolitieke opportunisme, en wanneer die groot toets eendag moet kom vir 'n daad sal niemand meer in staat wees om die vertroue te wek wat vir so 'n daad nodig sal wees nie.

**Ons volk het behoefte aan eerlike staatsmanskap en dié sal hy blykbaar nooit kry binne die Britse parlementêre stelsel met sy skyngevegte wat die een jaar „Operasie Republiek" en die volgende „Operation Empire" heet nie.**

# Die Samesweerders

**'n Verhaal Uit Die Oorlogsjare deur Johann Hendricks**

### III. NOG MEER SAMESWEERDERS

Saterdag het 'n tweede besoeker — die keer 'n amptelike hoogwaardigheidsbekleder . op die werf van Koos Pieterse gebring. Om tienuur het sersant Claassens daar opgedaag. Op sy gewone patrolliediens volgens alle uiterlike voorkoms. Of Pieterse enige klagtes het oor veediefstalle, rondlopervolk en so meer? Eienaardig egter, en in stryd met sy gewone optrede het hy Koos Pieterse nie gevra om die patrollieboek te teken as bewys dat hy by die plaas aangedoen het nie. Die sersant het 'n koppie tee gedrink en gesê dat hy nou maar weer wil vertrek. Buite by sy perd het hy nog weer 'n praatjie aangeknoop, begin aanstap, stil gaan staan en pyp opsteek, die wêreld om hom lank en aandagtig en tog ook half nikssiende aanskou. Toe het hy half-sku, half-huiwerig voorgestel dat Pieterse 'n endjie met hom moet saamstap. „Ek moet jou iets vertel"

Pieterse het sy ore gespits. Hy hoor liewer iets van 'n polisiesersant as om deur hom ondervra te word.

„Wat kan dit wees, sersant?"

„Eintlik is dit in stryd met my plig as polisiedienaar. Maar ek sou verraad pleeg teenoor ons . . . ons vriendskap en my . . . my oortuiging en gewete as ek dit nie doen nie." Die sersant sluk 'n paar keer. Dan vee hy met sy sakdoek oor sy voorkop, skop teen 'n klip en kyk Pietrse meteens reguit in die oë. „Kyk, meneer Pieterse, ons het opdrag gekry om vannag huissoeking te doen by u en 'n aantal van u mense — mense onder verdenking."

Die sersant het blykbaar moeilik gekry om dit te sê. Maar nou skyn hy verlig te wees, soos iemand wat 'n doodsonde, waaronder hy lank gebuk gegaan het, gebieg het. En net so verwagtend soos die belydende sondaar na die biegvader opkyk, kyk sersant Claassens na Pieterse.

„Kanonne, dinamiet, gewere, Duitse leërs — waarna moet julle soek?" Spot Pietrse.

„Moenie korswil nie, vriend." Die sersant is nou weer doodernstig. „Weet jy waaraan ek my nou skuldig maak? Ons soek na politieke vlugtelinge."

„O, so. Mag ek weet, terwyl u my nou so in u vertroue neem, of dit maar roetine-besoek is, gebaseer op algemene verdenking of is daar definitiewe informasie?" Dit is nie elke dag wat 'n O.B.-offisier die geleentheid het om 'n polisie-offisier te ondervra nie, daarom wil Pieterse nou hierdie geleentheid van die omgekeerde rolle, goed benut.

„Ongelukkig nie net verdenking nie. Daar is 'n definitiewe aanklag — soos dié stories belofte sal nakom." Die servandag heet — ingebring dat u en andere politieke vlugtelinge herberg."

„Maar, sersant, die los praatjies van elke Jan Rap kan u tog maar ignoreer? Dit spaar u en u manne onnodige moeite en baie onaangenaamheid."

„As dit maar elke Jan Rap was . . . dan sou hy gouer as wat hy ingekom het, weer by die aanklagkantoor uit gewees het. Maar . . . ." Die sersant bly meteens stil asof hy sy mond verby gepraat het, en glimlag suur. „Nou het u my byna gedwing om meer te sê as wat dringend nodig was. Laat ek liewer 'n vraag stel: Het jy die afgelope week hoë besoek gehad?"

„As u die besoek van 'n L.V. in die kategorie plaas, ja. Gister ongeveer die tyd. En amper oor dieselfde onderwerp — as ek nou mag skinder en nog iemand by die sameswering insleep."

„Ek dog ek het sy kar se spore hier sien indraai toe ek op patrollie verby is van Groenpunt."

„Sersant, jy wil tog nie sê Josias van Vuuren het die klag gelê nie?"

„Nee vriend, hy het nie. Maar nou is ek tot oor my ore in die ding — die sameswering soos jy dit noem. Onthou maar om ons vannag te verwag — jy en jou mense. Seker so teen die môreure."

„Dankie, sersant, baie dankie." Pieterse druk die sersant se hand om uiting te gee aan 'n dankbaarheids- en lojaliteitsgevoel wat hy nie in woorde kan uit nie. „Jy kan seker wees dat ek dit waardeer — die waarskuwing, bedoel ek. Onverwagte besoek van Sy Majesteit se geregsdienaars diep in die nag is nooit baie aangenaam nie. Vannag sal dit vir my aangenamer wees, en ek hoop vir julle ook."

Die sersant het al die teuels oor sy perd se nek gegooi en hou die stiebeul reg om sy linkervoet in te steek toe Pieterse weer praat.

„Sersant, ek wil nou nie misbruik maak van jou vertroue nie, maar ek wil tog nog een of twee vrae vra. U het my nou so diep in u vertroue geneem dat u maar netsowel enduit kan gaan. Hoeveel manne het jy tot jou beskikking, sersant, en hoeveel gaan jy vannag gebruik?"

„As u nou nie van die informasie gebruik gaan maak om ons in 'n lokval te lei, gevange te neem en uit te skud nie", spot die sersant op sy beurt — nou blykbaar meer op sy gemak — „sal ek jou maar sê. Soos jy weet is ons vier. Maar ek verwag nog 'n paar van elders tesame met die politieke speurders onder wie se bevel die saak sal staan. Ek kan onderneem om slegs één man in bevel van die stasie te laat. Dit wil sê behalwe die twee naturellekonstabels."

„Kan jy hulle nie iewers die distrik instuur om bierpartye op te breek en skaapdiefstalle te voorkom nie, sersant? Ek beloof om nie die stasie oor te neem of julle gevange te neem nie. My respek vir gewapende polisie en vir die gereg is daarvoor te groot!"

„Jy maak my nou nuuskierig, Pieterse, maar ek sal so maak — as dit jou sal help en jy jou sant vryf sy ken, vat die teuels reg, kyk Pietrse met 'n suur glimlag deurdringend aan en sê dan: „Dit lyk my ons verstaan mekaar. En omdat ek jou vertrou, meneer Pieterse — omdat ek jou vertrou vra ek geen beloftes nie. Ek weet alles is reg. Totsiens."

„Totsiens. En dankie sersant. Ek hou die koffie reg."

. . . . .

Die middag by die jukskeisamekoms het Koos Pieterse af en toe met 'n vriend eenkant gesels. „Hou jou maar baie inskiklik en vriendelik, soos dit 'n wetsgehoorsame burger teenoor die handhawers van die gereg betaam. Gee hulle alle nodige hulp, want 'n man met 'n onskuldige gewete weet niks van staatsondermynende bedrywighede nie, en behoort die gereg behulpsaam te wees met die bestryding daarvan. Laat hulle baie koffie drink en sorg dat die huissoeking deeglik geskied. Wen soveel tyd as moontlik."

Daarna het hy nog lank met 'n paar jong kêrels gesels. Dan ernstig, dan weer met besondere luimigheid.

Koos Pieterse se organisasie en sy planne was agtermekaar.

. . . . .

### IV. DIE HAND VAN DIE GEREG

Toe die plaashonde die nag om eenuur wild begin blaf, het Koos Pieterse tydsaam opgestaan. Hy het nog nie veel geslaap nie — so lossies en onrustig soos iemand wat iets dringends verwag en bang is om te vas te slaap. Hy het opgestaan, die lamp opgesteek, sy skoene en jas aangetrek. Weliswaar, enigsins tydsaam vir 'n wetsgehoorsame burger wat die gereg te wagte is — al is dit onoffisieel.

Terwyl hy nog na die voordeur stap is daar al hard en dringend geklop.

„Wie's daar?"

„Die polisie. Maak oop." Koos Pieterse het die sersant se stem herken — taamlik bars en onvriendelik.

„Kan julle dan nie 'n bietjie geduld gebruik nie — of is daar nood agter julle?" het hy van binne gebrom.

Toe die deur oopgaan het die sersant en twee speurders in burgerdrag op die stoep gestaan. Verderaan het die polisievangwa en 'n groot Fordmotor in die maanlig geblink.

„In hierdie tyd van brandstofskaarste is albei seker nie gebruik om net hierdie drie te vervoer nie", dink Pieterse, en as 'n bevestigende antwoord op sy twyfel sien hy anderkant die kraal en onderkant die tuin tegelykertyd flitsligte skyn. „Goed omsingel".

„Naand, sersant. Wat kan ek vir u doen?"

„Ek het 'n lasbrief om u huis en plaas te deursoek na vlugtelinge, meneer Pieterse." Die sersant lyk werklik baie ernstig, selfs astrant. „U sal 'n onaangename taak vir ons verlig indien u ons nie hinder nie en die nodige hulp verskaf."

„Ek wil glo dit is 'n moeilike taak om in die nagdonker na fiktiewe mense te soek, sersant. Maar doen u plig. Ek sal u nie hinder nie. Kom in, of waar wil u begin? Om te toon dat ek niks in u weg sal lê nie, maar na die beste van my vermoë die gereg wil assisteer, sal ek solank gaan koffiemaak."

Die spottende hoogdrawenheid van die boer gee die sersant nog 'n paar dieper plooie om sy mond. „En, sersant, sê asseblief aan daardie meneer wie ek die eer het om nie te ken nie, hy kan maar sy hand van sy pistool in sy jassak haal. Ek is ongewapen — my geweer is reeds in Sy Majesteit se besit — ek kan hom nou die kwitansie gaan haal as hy aan my woord twyfel. En ek is ook nie van plan om te vlug nie."

Die speurder neem kwaadverleë sy hand uit sy sak. „Ek is luitenant Coetzer van die spesiale speurdiens. Wys ons liewer die huis. Ons het nie baie tyd nie."

(Word vervolg)

# „Sal Jou Familiegeheime Openbaar" Dreig L.V.

**Familiesake en die vraag of lede al ooit 'n geweer gehanteer het om Suid-Afrika te verdedig en of hulle vaders met so 'n prestasie kan spog, is verlede Donderdagaand vir byna twee uur lank druk in die Volksraad bespreek en uitgepluis toe die besprekings 'n nuwe laagtepunt bereik het en een lid na die ander opgestaan het om persoonlike aanvalle te loods. Dit het plaasgevind tydens die bespreking van die Wysigingswetsontwerp oor Vreemdeling-aangeleenthede.**

## Klaaglike Gebrek Aan Waardigheid

Maar vir die man op die openbare galery was dit moeilik om te verstaan wat die besprekings, wat die geduld van die Speaker tot sy uiterste beproef het, nou eintlik te doen het met die onderwerp wat die Minister van Binnelandse Sake voor die raad gelê het, en die feit dat die dagbladpers liewer verswyg het om iets van die banaliteit te vertel, maak dat mense wat nie die voorreg het om self te sien hoe dit soms in die parlement toegaan nie, salig onbewus bly van die kleinlike tonele wat hulle daar afspeel.

Die saak het voortgespruit uit bewerings van die V.P. dat die Minister van Binnelandse Sake gedurig sarkastiese aanmerkings maak as hy op toesprake antwoord en oor opmerkings wat hy gemaak het oor die vervolging van Duitse vroue en kinders in Suidwes. **Maar die aanval op die Minister is spoedig verbreed tot 'n algemene aanval en die H.N.P. het ook nie in gebreke gebly om in dieselfde trant te antwoord nie.**

### TOT ORDE GEROEP

Lede wat hulle veral onderskei het deur die raad besig te hou met kleinlike aanvalle waarin taal gebruik is wat nie by die waardigheid van die volksraad pas nie, is mnr. Arthur Barlow, dr. F. H. Boltman, mnr. S. J. Tighy, mnr. H. O. Frielinghaus en mnr. H. G. Lawrence.

Die Speaker het hom telkens verplig gevoel om die raad tot orde te roep en om lede te vra om nie so persoonlik in hul uitlatings te wees nie. Dit het egter nie verhoed dat tussenwerpsels heen en weer geslinger is nie.

### FAMILIEFEITE

Mnr. Barlow wou weet watter van die regeringslede al ooit 'n wapen vir Suid-Afrika opgeneem het en of hulle vaders soos hy die wapen opgeneem het vir Suid-Afrika, en voortgegaan om die Huis te vertel wat hy al alles vir Suid-Afrika gedoen het. **Mnr. F. H. Boltman het nie op hom laat wag nie en gedreig om onaangename feite oor mnr. Barlow se familie bekend te maak en op sy beurt beweer dat mnr. Barlow nog nooit geveg het nie.** Mnr. Barlow het die aanklag so ernstig opgeneem dat hy op 'n punt van orde verduidelik het dat hy wel geveg het.

### SIRKUS

Mnr. S. J. Tighy, die lid wat die meeste vrae in die volksraad stel, het die Minister van Binnelandse Sake daarvan beskuldig dat hy nog nie die erns van 'n ministerskap besef nie en hom aangeraai om by een van die rondreisende sirkusse aan te sluit omdat hy daar mooi sal pas.

(Die vraag het nie by mnr. Tighy opgekom waarom daar by 'n rondreisende sirkus aangesluit moet word wanneer lede die Volksraad verlaag tot 'n gevestigde sirkus nie.)

**Uitroepe soos „sies" en „skande" het nog meer daartoe bygedra om „kleur" aan die „debat" te gee.**

En dit het alles plaasgevind toe die wetsontwerp om burgerskap aan sekere vreemdelinge toe te ken, bespreek is!

## NET SOOS IN BRITTANJE

'n Nuwe reël wat al 'n tyd lank in die Britse laerhuis in gebruik is, is ook die afgelope week in die Unie-volksraad, wie se prosedure dieselfde is as dié van die Britse, ingevoer toe die Speaker begin het om lede op hul vanne te noem in plaas van by die naam van hul kiesafdelings wat hulle verteenwoordig.

Dit was altyd die gebruik dat as iemand wil praat, die Speaker hom aanspreek as „die agbare lid vir . . . " Tans het dit moeiliker geword om die kiesafdelings van al die lede te onthou omdat die aantal setels in groter stede baie vinnig vermeerder het.

Lede mag mekaar egter nie op hul name noem nie en moet mekaar aanspreek as „die agbare lid vir . . ." Die „agbare" verhoed egter nie dat hulle mekaar onwelvoeglike taal toevoeg nie.

# DEPUTASIE GEWEIER

**Mnr. Johan Schoeman, Poste Restante, Strand, skryf:**

Die deputasie wat deur Brits afgevaardig was om die regering om bystand vir die sterwende Duitsland te vra en Duitsland so te help vir die saak van die Weste, het verlede week met onverrigte sake moes terugkeer. Die Minister van Landbou en Minister van Finansies, hoewel simpatiek, kon niks doen nie en het die deputasie na die Eerste Minister verwys.

Dr. Malan kon nie 'n kwartier spaar om die deputasie te spreek nie! Meer as ontnugterd het die deputasie, die here Kruger, Moller en Schoeman, die rit huiswaarts, die tweede duisend myl, aanvaar — ontnugterd maar nie ontmoedig nie, want van een ding is die deputasie oortuig: dat slegs 'n gerehabiliteerde Duitsland die wêreld uit die wurggreep van die Kommunisme kan bevry.

## REPUBLIKEINSE 'NEW LOOK'

**Mnr. J. Ras, Korrinterivier, Riversdal, skryf:**

Daardie ou Engelse spreekwoord „Great minds think alike" is darem maar waar, veral op partypolitiek gebied. Dit maak nie saak wat in hulle program van beginsels staan nie, nog minder wat hulle kongresse besluit, maar as Sy Majesteit se Opposisieleier eers Sy Majesteit se eerste minister word, is die ou voetpaadjie al te duidelik, net een wit streep reguit na No. 10 Downingstraat. Kyk nou weer hoe ons eerste minister weer die spore van sy voorganger volg. Wat ons Jannie al twintig jaar en meer verkondig, kom nou uit die mond van ons Danie. „Staan vierkantig by Britse Statebond" — „Neutraal" taboe.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

„Republiek" taboe. Toegee aan O.B. ten opsigte van Republikeinse ideaal, groot gelag. Ons Ons praat nie eers met hulle nie.

Waar is artikel 7 en 10 van die H.N.P. se program van beginsels? Waar is dr. Malan se Republikeinse mosie van 12 Januarie 1942?

Die H.N.P.-pers praat van 'n „Nuwe Klank." Dit lyk meer na die „New look", 'n ou rok met 'n aangelaste stuk van 'n ander ou rok. Sal dit ons beloning wees vir ons standvastigheid by die Empire? Nog 'n verhoogde status, 'n republiek binne die Empire. Nog 'n Adoons aan die paal. Ek sien die Jingo's is daarmee heeltemal eens. Dit spreek vanself.

## MASJIENE MET SENUWEES SAL WERK DOEN

**Masjiene wat kan dink en wat so fyngevoelig sal wees dat dit in staat is om 'n senuwee-instorting te kry, kan ongeskoolde fabriekswerkers binne 20 jaar vervang, volgens 'n wetenskaplike van die instituut van Tegnologie in Massachusets.**

**In geval van oorlog sal hierdie masjien gouer hulle verskyning maak. „Hierdie dinge mag van groot waarde wees in 'n verstandige wêreld maar ek kan nie sê dat ons in een lewe nie" het hy gesê. Hy het sy spyt uitgespreek oor sy aandeel in die ontwikkeling van die masjien, en gesê dat hulle maatskaplik gevaarlik sal wees en onder regeringsbeheer geplaas sal moet word.**

## PETROL UIT STEENKOOL

Die voorgenome fabriek vir petrol en olie wat uit steenkool vervaardig sal word, sal byna in een-kwart van die land se behoeftes kan voorsien, volgens 'n amptelike aankondiging. Dit sal blykbaar egter nog lank duur voordat die produksiestadium bereik sal word.

'n Lisensie is reeds aan die Anglo-Transvaal, Consolidated Investment Company Beperk, uitgereik. Binne vier jaar na die uitreiking moet daar met die produksie begin word. Die produksie word beperk tot hoogstens 100 miljoen gellings petrol en olie per jaar.

# Swak Gedrag Van L.V.'s Laat Publiek Protesteer

**Die kleinlike gees onder parlementslede en die onbehoorlike gedrag wat hulle binne die „Huis" openbaar het kort gelede daartoe gelei dat die Speaker hulle met uitjaging gedreig het en die voorreg om tussenwerpsels te maak moes inkort. Sedertdien het dit nodig geword om twee lede uit te jaag.**

Lede van die publiek begin al hoe meer ongeduldig raak met hierdie swak gedrag van mense wat deurgaan vir „hoogste gesagdraers" en etlike klagtes is die afgelope tyd in die pers daaroor gelug. Die Burger van 21 April bevat in die verband ook weer 'n brief van 'n leser: Dit lui:

„Geld is deesdae 'n yslike kwessie in ons land en elke dag se sitting van die Volksraad kos hope geld. Sal ons L.V.'s dan nie almal ernstiger aan die werk spring nie, en minder tyd verlore laat gaan met skimpe en standjies en ander gedoentes? Sulke dinge getuig seker nie van 'n diepe besef van plig en verantwoordelikheid teenoor die land nie. En watter nut en nodigheid is daar om die Speaker se sware taak nog verder te verswaar?"

### ONMOONTLIK

Die moeilikheid is dat vir die partypolitiek die parlement geen plek is waar mens „ernstig aan die werk spring nie", maar 'n plek waar jy die teenstander aan die kaak stel voor die oë van die „volk daarbuite". Die doel in die eerste plaas is nie om goeie wette te maak in belang van die land nie, maar om die eie party aan bewind te hou of te kry en die beste manier om dit te doen is om diè teenparty by die „volk daarbuie" in 'n swak lig voor te stel.

**Ernstige werk kan alleen plaasvind op 'n werkterrein soos 'n saailand of skeerhok, maar dit kan nie verwag word binne 'n stoeikryt waar die publiek getrakteer moet word op kragdemonstrasies tussen twee teenstanders nie.**

### DIE KEUSE

Ernstige werk kan alleen dan in die raadsale van ons land verwag word wanneer dit moontlik gemaak word vir gekose regeerders om hul volle aandag en energie te bestee aan die bestryding van vraagstukke soos dit was in die Boere-republieke waar elke volksraadslid net een trou en verantwoordelikheid gehad het, en dit was teenoor sy land en volk. **Daar was geen party tussen hom en sy volk aan wie hy trou verskuldig was of van wie hy afhanklik was om in die „groen kussings" te kom nie.**

**Die belangrikste taak van ons volk is nie om elke vyf jaar tussen hierdie of daardie party te kies nie, maar om tussen die Britse parlementêre stelsel en republikeinse Boerestelsel te kies, want van hierdie keuse hang sy voortbestaan af, sowel geestelik as stoflik.**

## Kry Nie Meer Voorkeur

By die aanstelling van spoorweggeneeshere sal daar in die toekoms nie meer navraag gedoen word of die applikante militêre diens gedoen het en so 'n oorweging ook nie meer geldig wees as 'n aanbeveling tot aanstelling nie.

In een van die jongste uitgawes van die Mediese Tydskrif waarin applikante gevra word vir vakante poste, word nog verklaar dat aspirant-spoorweggeneeshere melding moet maak van militêre diens as hulle aansoek doen.

Nadat hierdie saak onder die aandag van die Minister van Vervoer gebring is, is daar opdrag gegee dat daar in die toekoms nie meer navraag gedoen moet word na krygsdiens nie.

• ***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

BESTEL ALTYD ALLE

- KANTOORBENODIGDHEDE
- KANTOORMEUBELS
- SKRYFBEHOEFTES

BY

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### TE KOOP

**ALSATIAN-HONDJIES** uit kampioen-stamboekouers, 4½ maande oud. Kwaai en waaksaam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3/-. — **Zeeman,** Robertson. TK/30/3

**BEESTE:** Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koeie en verse. — **Zeeman,** Robertson. 1/12/TK

**Een Massey-Harris Row-crop Trekker,** 102 jnr., 23 p.k., 1945-'46-model, op rubber met ligte en selfaansitter. Goeie toestand. Prys £400. En een Case grondboontjie plukker vir £60. Skryf aan **H. A. Oberholzer,** Prv./Sak Turfbult, **oor Naboomspruit.** 27/4/2

### BOERMEEL

**BOERMEEL** op ons bekende steenmeule gemaal, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie, per 100 lb. sak. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P. T.K.

### BOME, PLANTE EN SAAD

**Vars goewerments gesertifiseerde groentesaad:** Chantenay wortels, 6/6; Detroit beet, 5/6; Egiptiese plat beet, 7/6; Greenfeast saaderte, 1/- lb., £6/10/- 200 lb. sak; Copper King (laat harde uiesoort), 10/- lb.; Vroeë Kaapse plat, 9/-. Handelsnavrae verwelkom.— **Kango Saadkwekers,** Posbus 107 **Oudtshoorn.** 16/3/TK

### GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

### MEDISYNE

**BLY JONK.** Gryshaarwonder verras die wêreld. Herstel gryshare tot natuurlike kleur, verwyder skilfers, ens., of geld terug. Geen kleurstof. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 3) 2/3/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pond-kissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

### GEVRA

**LIGTE MOLWAENTJIE** op motorbande geskik vir twee perde. Besonderhede en prys gelewer naaste spoorwegstasie aan: **C. D. Gerneke,** Helena, P.S. Keervlei, **Vryheid.** 27/4/2B

### RADIOTRONICS
**(A. Perold en P. Brink)**
Vir herstel en koop van
**ELEKTRIESE APPARAAT**
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
**Hoofstraat BELLVILLE**
**Foon 97-9114.**

### PLUIMVEE
**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

## Ryksverdediging Bespreek

Geheime samesprekings oor die verdediging van die Statebond vind hierdie week in Greenwich (Engeland) plaas en Amerikaanse wetenskaplikes, hooggeplaaste offisiere van die vloot-, lug- en landmagte van die Statebond sal aanwesig wees.

Die byeenkoms word beskryf as een van die belangrikste vredestydse militêre samesprekings. Die verdediging van die Britse Ryk asook die vermoë om oorlog te voer, sal bespreek word.

**Daar is ook aangekondig dat Brittanje van voorneme is om Simonstad as 'n vlootbasis te behou.**

## *Kommunis Se Misrekening*

Die kommunistiese vryspel kort na die oorlog in Duitsland, begin so stadig aan sy eb tegemoet gaan met pynlike gevolge vir sommige wat gemeen het dat die anti-nazi-paradys gekom het om te bly. Een van hierdie vergissers is 'n sekere Robert Plaueln wat in 1938 in 'n Duitse hof aangekla was van verspreiding van kommunistiese propaganda. Hy het toe onder eed ontken dat hy die skrywer van die kommunistiese vlugskrif was, en het vrygekom.

Na die oorlog het Robert blykbaar koning gekraai en daarmee gespog hoe hy die Nazi's tien jaar gelede om die bos gelei het. Die Darmstadtse distrikshof het egter nou stappe teen hom gedoen op aanklag dat hy die owerheid elf jaar gelede „doelbewus mislei het". Hy sal binnekort verskyn weens hierdie oortreding en myneed.

## Sosiale Snobisme

(Vervolg van bls. 2 kol. 3)
**te net so te skilder en dan daarmee as „groot en goeie kuns" spog! Hulle sal nie.** Mevrou die aanhanger van daardie verwrongenheid in haar s.g. groot kunswerk in die voorkamer, wil nie net so vermink en lelik aan haar besoekers voorgestel word nie, ook nie haar huis of landskap waarin sy woon nie!

### SNOBISME

**Die vernietigers van ons kultuur het, helaas, as handianger die sosiale snobisme. En ons volk se kultuur word verkrag, want dit is 'n nuwigheid die lelike beeldende kuns, 'n „new look", die ontering van skoonheid in kuns.**

Die voor die hand liggende verdedigingsmiddel is 'n inrigting vir volkskuns waarvoor die bestaande Nasionale Kunsmuseum oorspronklik bedoel was, nie 'n museum vir huisvesting van oud- en aardighede nie, maar 'n Kunsinrigting soos die Kanadese Kunsmuseum wat leiding en besieling vir die eie kuns gee.

**Dit is nodig om reklame vir 'n eie Kuns te maak en sodoende die sluimerende talent op te wek.** Dit is bevordering van kunssin wat nodig is, liefde vir wat skoon is in ons land en ons volk.

Ons land word oorstroom met vreemde geestesgoed wat dreig om die eie te verdring.

## Republikeinse Protes

(Vervolg van bls. 2 kol. 5)
Ja, met al ons grootpraat van „'n vrye, onafhanklike nasie onder die nasies van die wêreld" bly ons onderhorig aan die Britse koning, erken ons die Union Jack as 'n landsvlag en „God Save the King" as 'n volkslied, staan ons „vrywillig" op elke keer as „God Save the King" in 'n bioskoop of waar ook al gespeel word, behou ons ons hoogste geregshof onderworpe aan die gesag van die Britse Geheime Raad en duld ons sonder verset kolle Britse oewereiniteit (naturelle-protektorate) in ons vrye en onafhanklike gebied!

## Toordokter Sal Akkedis Sagkens Moet hanteer

**As die nuwe wet van die Minister van Justisie ten opsigte van dierebeskerming ook van toepassing was op die dade van die Jan Fiskaal, sou hy waarskynlik die eerste aan die pen gery het, aangesien dit nou verbode is om akkedisse aan doringdraad op te hang omdat die nuwe wet ook hierdie viervoetige diertjie beskerm.**

Die volksraad het onlangs 'n nuwe wetsontwerp aanvaar wat akkedisse dieselfde beskerming gee as ander diere. Die wetsontwerp is ook verbreed en alle ander wilde diere, uitgesonderd vis, benewens alle huisdiere, word nou ingesluit. Voorheen was die straf vir dieremishandeling £25 boete of drie maande tronkstraf. Tans is dit £50 of ses maande tronkstraf.

Die wysiging van die bestaande wet spruit voor uit 'n onlangse hofsaak toe 'n toordokter voor die hof gedaag is omdat hy akkedisse wreed sou behandel het. Hy is egter ontslaan omdat die wet destyds nie voorsiening gemaak het vir die beskerming van akkedisse nie.

## PRYSE VIR SONNEBLOMME EN GRONDBONE

Na aanleiding van die aankondiging van die Minister van Landbou oor die verkoop van grondboontjies en sonneblomsaad, deel die Direkteur van Voedselvoorsiening en -verspreiding mee dat die oes, soos verlede jaar deur agente opgekoop sal word wat dit aan produsente van olie en vette sal lewer.

Die pryse vir oliefabrikante sal vasgestel word teen 58s. 6d. per 100 pond vir gedopte grondboontjies graad S.2 en 20s. per 100 pond vir die beste graad sonneblomsaad.

Van vandag af kan die nuwe oes van grondboontjies en sonneblomsaad slegs op 'n vrystellingsbevel van die direkteur van voedselvoorsiening en -verspreiding verkoop word. Die name en adresse van agente sal bekend gemaak word.

## *Wil Reën Maak In Karoo*

Die verbod op die kunsmatige maak van reën in die Karoo is nou opgehef en mnr. C. Hall, 'n veteraan-reënmaker gaan een van die dae weer sy pogings om reën te maak vir die Karoo voortsit. Hy hoop dat hy 'n reënval van 30 duim per jaar sal kan bewerkstellig.

In plaas van droë ys soos ander reënmakers, gaan hierdie reënmaker elektriese vonke van 1,200 volts deur die wolke stuur. Hy is hoopvol dat sy proefnemings sal slaag.

## Meer As 100

(Vervolg van bls. 7 kol. 3)
nie ontbreek nie. „Akkerdop" sal altyd vir ons laat terugdink aan een van die aangenaamste laers wat nog in die omgewing gehou was.

Lampies en Altus het albei die voorreg gehad om hulle verjaarsdae in die laer te vier. Die Redaksie-lede van „Akkerdop" het die voorreg gehad om vroeg Maandagmôre (net na twaalfuur middernag) vir Altus geluk te wens en Veldkornet van Aarde het sy spyt te kenne gegee dat daar nie meer „Pepsie Kôla" was om die groot gebeurtenis te vier nie. Wat Lampies se verjaardag betref; sy verjaar op elke laertrekking en dit was hierdie keer haar sewentiende! En terwyl ons besig is met gelukwens kan ons ook melding maak van die twee offisiere wat hoofsaaklik verantwoordelik was vir die sukses van die laer, komdte. Alet Cloete en veldknt. Jannie du Toit wat dae aaneen gewerk het om te sien dat alles glad verloop. Die Kompetisie was Jannie se idee en hy was vir die reëlings daarvan verantwoordelik.

As staf-offisiere het die volgende opgetree:— Komdt. Callie le Roux, komdt. A. Bredenkamp, komdte. Fouche, Komdte. A. Cloete, veldkntes. S. Cloete en M. Retief asook veldknte. Pans Taljaard, M. Thom, G. van Aarde, C. Hanekom, W. Wilkinson, Altus Viljoen, L. Bohlmann, J. du Toit en komdt. Hitge.

Ag, hoe treurig het dit nie gelyk, toe al die tente eers afgeslaan en menige traan gestort was, by die afskeid nie. Ja, selfs die dapperstes se onderlip het gebewe. Dit is hier waar ons maats maak — maats wat die moeite werd is om te ken. Nou droom ons net van een ding — die volgende Boerejeuglaer.

(Verslag deur Pans Jaljaard).

**Suid-Afrikaanse Spoorweë**

### VAKATURES: KONSTABELS: S.A.S.-POLISIEMAG

Applikasies word ingewag van kandidate vir die aanvulling van bogenoemde vakatures.

Applikante moet—

(i) tussen 18 en 35 jaar oud wees, maar aansoeke van seuns onder die ouderdom van 21 jaar moet gestaaf word deur die skriftelike toestemming van hul ouers of voogde;
(ii) ongetroud of wewenaars sonder kinders wees;
(iii) minstens 5 voet 8 duim hoog in hul sokkies staan, met 'n borsafmeting van 36 duim;
(iv) liggaamlik vir polisiepligte geskik wees;
(v) Britse onderdane wees en vir 'n tydperk van minstens drie jaar in die Unie van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika gewoon het.

Van suksesvolle kandidate word vereis om sodra moontlik na hul aanstelling in die Diens 'n opleidingskursus van ses maande aan die Spoorwegopleidingskollege te Kroonstad deur te maak.

Die aanvangs- en die maksimumloonskale van toepassing op konstabels is onderskeidelik £20 15s. en £33 10s. per maand, plus 'n lewenskostetoelae volgens die skaal wat op Staatsamptenare van toepassing is, plus uniforms, ens.

Voorsiening word ook gemaak vir aantreklike voordele ten opsigte van pensioene, geneeskundige dienste, reiskonsessies en verlof.

Aansoeke met volledige besonderhede ten opsigte van ouderdom, opleiding en ondervinding moet aan die Hoofsuperintendent van Polisie, Hoofkantoor, Johannesburg, of aan die Bevelvoerende Offisiere, Spoorwegpolisie, by die verskeie Afdelingshoofkantore, gerig word.

W. M. CLARK, Hoofbestuurder.

## Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van.........................

vir die eerste.............................maande.

NAAM: ...............................................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ...........................................
...........................................
...........................................

...........................................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.**
***Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.***

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 27 APRIL 1949

# MEER AS 100 WOON LAERTREK GEDURENDE PAASNAWEEK BY

**Vir weke lank het daar net een gedagte in ons koppe gemaal: die Paasnaweek-laertrek te Bellville. Ons het die dae begin tel maar hulle het al stadiger verbygegaan. En toe eindelik was die tyd daar. Dit was wel nog 'n week voordat die laer sou begin maar ons wat aan die Boerejeug-Dienslaer behoort moes na die terrein gaan om voorbereidings te tref.**

Met die bakkie is ons dan ook die Saterdagmiddag uit na Loevenstein, die plaas van mnr. J. A. Duminy, naby Bellville. 'n Stuk of 10 seuns het dadelik aan die werk gespring met die opslaan van tente. Die ander moes weer terug Stad-toe om al die benodigdhede te gaan haal. Na 'n middag van harde werk kon ons die aand na 'n laerterrein kyk wat werklik die moeite werd was om te sien. **Twee netjiese rye wit tente het aan weerskante van die Paradegrond gestaan met die offisierskwartiere onder die reuse akkerbome agter die vlagpaal.** Ons het die aand en die Sondag daar oorgebly om die terrein op te pas. 'n Paar van die seuns het elke aand daar gaan slaap om wag te hou. Vermaak was volop — veral die oggend toe drie van die seuns verslaap het.

### EERSTES

Die eerste laergangers wat opgedaag het was Stellenbosch se seuns. Kort daarna, Donderdagmiddag, het kinders van Caledon, Rawsonville, Malmesbury en die Paarl aangekom. Komdte. Fouche en 'n paar dogters het dadelik aan die werk gespring met die kosmaak. Aangesien die laer nog nie amptelik begin het nie, was daar die aand geen vlagparade nie. Lampies was in bevel van die kampvuur en het die vreemdes sommer dadelik laat tuis voel. Daarna het die offisiere hulle vergadering gehou waar elkeen se pligte aangewys is.

Vrydagmôre het die gesis en gekraak van die beuel die rus van die laer verstoor. Na die liggaamsoefening het ons vlagparade gehou waar die laergangers op die reëls van die laer en hulle pligte attent gemaak is. Hierna het ons ernstig begin voorberei vir die Kompetisie van die volgende dag wat op sy beurt weer 'n voorbereiding vir die Pretoria-Laertrek was. **Al die laergangers het kans gekry om te wys waartoe hulle instaat is en gedurig het 'n paar offisiere hul dopgehou om te sien wie die bestes was. Die dag se program het darem nie net bestaan uit parades nie — elke nou en dan was daar speletjies wat as afleiding gedien het.**

Baie welkom was 'n bakkie vol laergangers van Oudtshoorn. Dit is werklik besielend om sulke geesdrif teen te kom.

Intussen het komdt. Callie le Roux ook teruggekom en hy was vir 'n baie aangename kampvuur verantwoordelik. Die seuns het daarna 'n ent gaan stap voordat almal ingekruip het.

### WEDSTRYD

Die spanne vir die kompetisie wat die Vrydag gekies was, is die Saterdagmôre deeglik afgerig. Die besoekers het begin kom en die laergangers het begin voorberei vir die kompetisie kort na 'n smaaklike middagmaal. Met 'n flinke speerpunt deur die laergangers het die verrigtinge 'n aanvang geneem. Afgenl. J. de Vos het hierna 'n besielende rede gevoer en daarop gewys watter belangrike plek die Boerejeug en sy Dienslaer vandag in die Skiereilandse samelewing beklee. Die spanne van die Boland en die Skiereiland het hierna meegeding vir die Boerejeug-Kompetisie-beker. Verskillende afdelings soos groepmars, vlaghysing, inspeksie, sanggroepe en wagtewisseling is deur die Beoordelaarskomitee, wat uit Waggeneraal Max Smuts, generaal J. D. de V. Truter, wagkomdt. Hans Swart en wagkomdt. H. T. Hickman bestaan het, beoordeel. Die besoekers het hierna gesellig verkeer en die kans gekry om te proe watter heerlike kos 'n klomp Boerejeug-dogters kan voorberei. **Nadat Waggeneraal Max Smuts 'n interessante rede gevoer het by die kampvuur, het hy die Kompetisie-beker aan die Skiereilandse span, wat die Bolandse span met slegs een punt geklop het, oorhandig.** Na 'n baie woelige dag, was die laergangers maar te bly om in hulle bulterige beddens te klim.

Die offisiere het egter nog 'n baie aangename takie gehad om te vervul. 'n Gawe tannie het 'n mandjie vol soutribbetjies en wors vir komdt. Callie gebring en die moes natuurlik eers op. Jitte, maar dit was lekker!

### SKAAPVLEIS

Sondag. Die môre het ons na 'n baie leersame praatjie, deur ons Laervader, kon luister. Hy het ons vertel van die leuse van die O.B. en dit so eenvoudig uiteengesit dat selfs die kleintjies se monde heeltyd oopgehang het. Middagete was soos ons dit by die huis gewoond is — bruingebraaide aartappels en heerlike braaivleis (skaap!), groente en om van die heerlike nagereg nie eers te praat nie. Na die ete het almal onder die akkerbome bymekaargekom waar ons gewyde liedere gesing het. Ds. J. D. Vorster van Kaapstad, het die diens gedurende die loop van die middag waargeneem. Na die kampvuur die aand het die seuns en dogters saam gaan stap op die nuwe Nasionale Pad.

Maandagmôre het almal met 'n nare gevoel op die maag opgestaan. Te gou het die laaste dag aangebreek. Almal het dan ook besluit om so veel as moontlik uit die laaste paar uur te kry.

By die vlaghysing het ons „Pa", mnr. N. van der Walt, redakteur van Die O.B., 'n praatjie gelewer en ons almal trotse Boerejeug-lede laat voel. Ons laervader het vertel, dat hy huiwerig was toe ons hom uitgenooi het om toesig oor die laer te kom hou. Hoe groot was sy verbasing nie toe hy vind dat daar geen moeite is om vir 'n groep Boerejeugseuns en -dogters te sorg nie. Hy het die offisiere gelukgewens met die manier waarop hulle alles hanteer het. **„Pa" het ons verseker dat hy in die toekoms sy kinders met die volste vertroue na 'n Boerejeug-laertrekking sal laat gaan.** Ons het op ons beurt ook iets aangenaams ontdek — mnr. en mev. Van der Walt is die ideale persone om sorg te neem oor ons laers en was ook 'n ware vader en moeder vir ons. Hulle wyse raad het meer as eenmaal tot ons voordeel gestrek.

### LAERBLAD

Maandagmôre het die laaste uitgawe van ons laerblad, „Akkerdop" dan ook sy verskyning gemaak. Vyf seuns het in die nag, terwyl die ander reeds slaap, hard gewerk aan hierdie blaadjie. Aan gekskeer in „Akkerdop" sowel as in die Redaksietent) het dit

(Vervolg op bladsy 6)

# VERJAARDAG-KETTING

*Ons het beloof om ook diegene wat gedurende Januarie, Februarie en Maart verjaar het se name te plaas. Weens die gebrek aan plaasruimte is dit egter nou vir ons onmoontlik. Ons plaas egter aanstaande week almal se name wat gedurende Januarie verjaar het en die daaropvolgende week die name van die persone wat gedurende Februarie verjaar het. So sal ons dan aanhou totdat ons die agterstand weer ingehaal het.*

*Ons wens almal wie se name hierdie week verskyn baie hartlik geluk met hulle verjaarsdae en vertrou dat ons nog baie jare die voorreg sal hê om hulle name in die Verjaardag-ketting te lees.*

*As gevolg van die feit dat die uitstuur van die Verjaardagkaartjies baie tyd in beslag neem, kan Veldkornettes die kaartjies van ons bestel en dit self uitstuur. Die kaartjies kos 6d. per dosyn. Persone wat hulle name direk aan ons gestuur het, sal dan ook die kaartjie direk van ons ontvang.*

(Vervolg in kolom 5)

# BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
Kaapstad.
27 April 1949.

Beste Boerejeug-maats,

Hartlik dank vir al die briewe wat ons hierdie week ontvang het. 'n Mens se mond water eintlik om daarop te antwoord.

COENIE THERON, S.A. SPOORWEË, KOFFIEFONTEIN, skryf dat hy nou in Sub. B. is en dat hy sewe jaar oud is. (Maar jy kan mos al sommer 'n mooi briefie skrywe Coenie, skryf gerus weer aan ons).

JAKOBUS PIETERSE, LABORI, SUIDER-PAARL, skryf dat hy graag 'n penmaat wil hê. Hy sal bly wees as dit 'n seun is wat buite die Unie woon en ongeveer 13 jaar oud is. Jakobus is 'n haastige man en sal bly wees as maats gou sal skryf.

Veldknt. N. D. L. BURGER, KAKAMAS, skryf dat hy binnekort sommer 'n lang lys name sal instuur vir die Verjaardagketting. Hy het reeds 'n paar ingestuur waarvoor ons hom bedank. Hy skryf ook dat ANNA GRESSE, P/A. MNR. P. GRESSE, EILAND, KAKAMAS graag met Hollandse maatjies van albei geslagte wil korrespondeer. Hulle moet 15 jaar en ouer wees.

SARIE THERON, S.A. SPOORWEË, KOFFIEFONTEIN stuur ook haar naam in vir die Verjaardagketting. Sy skryf ook dat hulle saam met Tannie Immelman by Bergkraal in die kamp van die Oud-geïnterneerdes was. Sy sê dat dit baie lekker was al het die vragmotor hulle maar kort-kort bo teen die kap geslinger.

Baie van julle het al julle name en adresse en die datum waarop julle verjaar aan ons gestuur vir die verjaardagketting. Byna almal het egter vergeet om te meld op watter datum (jaartal) wanneer julle gebore is. Ons moet dit weet sodat ons kan sien hoe oud julle is. Ons kan nie die lede wat ouer as 20 is se name in die Verjaardagketting plaas nie aangesien die ketting dan veels te lank vir ons bladjie sal wees. Dit is ook nie nodig dat julle geld saamstuur wanneer julle Ons plaas al die name gratis.

Ons nooi weereens al die ander Boerejeug-lede uit om ook aan ons teskryf. Dit is tog te lekker om te lees wat die maats skrywe. So leer ons dan mekaar ken en bou ons 'n sterk vriendskapsband tussen al die lede op.

Hartlike Boerejeug-groete,
BOEREJEUG-REDAKSIE

# Hiervan En Daarvan

## Verlore

Hieronder volg 'n lysie van goedere wat op die Paasnaweek-laertrek te Bellville agtergebly het. Laergangers wat iets daar verloor het of vergeet het moet onmiddellik met ons in verbinding tree en 'n baie volledige beskrywing van die goed gee. Ons sal dit dan so gou as moontlik aan julle stuur. Daar is ook 'n paar kledingstukke van Franschhoek-laergangers. Die goed word in ons Gebiedspakkamer gehou en kan nie langer as drie weke gebêre word nie aangesien die pakkamer reeds baie vol is.

1 Deurskynende glasbord.
1 Flitslig (2-sel met 'n groot kop).
1 Laken.
1 Oranje-geel handdoek.
1 Geel waslap.
1 Seuns-sakdoek met blou rand.
1 Paar wit sandale (dogters No. 1).
1 Paar bruin sandale (seuns No. 1).
1 Groen haarlint.
1 Wit sokkie (dogters — met groen en rooi strepie om die rand).
1 Wit sakdoek (dogter).

Laat ons asseblief dadelik van die eienaars hoor!!

# Kiekies Van Paasnaweek-Laertrek

Offisiere en laergangers wat kiekies van die Paasnaweek-laertrek geneem het, word vriendelik versoek om die negatiewe van die bestes aan ons te stuur. Die plan is om 'n stelletjie daarvan uit te soek en dit dan te laat afdruk. Dit word dan teen 3/6 per stel verkoop en die winste gaan vir ons „16-Desember-Fonds." Verdere besonderhede sal later bekendgemaak word. Ons pos weer die negatiewe aan u terug.

# Jeugveldkornette C. Lamprecht Oorlede

Vir die Boerejeug van Oudtshoorn was dit 'n groot skok toe hulle verneem het van die heengaan van een van hul geliefde Veldkornettes, Carina Lamprecht, dogter van hfkomdt. en mev. Lamprecht.

Ons sal haar aangename teenwoordigheid mis want sy was vir ons almal 'n voorbeeld en 'n ware vriendin.

Die Boerejeug het 'n offisiere verloor wat getrou gewerk het totdat sy ontslaap het. Selfs gedurende die laaste dae van haar siekbed het sy nog handewerk vir die Boerejeug se „16-Desember-Fonds" gedoen.

Ons spreek nogeens ons innige meegevoel uit teenoor die bedroefde ouers, susters en broers.

(Ingestuur deur Komdt. Hitge).

(Vervolg van kolom 3)

### APRIL

1 Elizabeth Fourie, Sutherland.
Rita Wolmarans, Kareedouw.
Willem Fourie, Observatory.
2 Dan Esterhuizen, Paarl.
3 Jan Slabbert, Paarl.
Hester Lombaard, P.K. Luckhoff.
6 Rynie Basson, Wellington.
Anna Postmumus, P.K. Indwe.
Susanna Kotze, P.K. Kuilfontein, oor Zeerust.
7 Gideon Slabber, N. Paarl.
Estelle Pauw, Wellington.
Johan Coetzee, Bosbokrand.
Martha Nortje, Steenbokfontein, oor Koster.
8 Hennie Durr, Malmesbury.
Astrid Frankot, Stellenbosch.
Jan Slippers, Aughrabies, oor Kakamas.
Bessie Scheepers, P.K. Strydpoort.
9 Louisa Laubser, Stellenbosch.
Elsa Welthagen, P.K. Mooinooi.
10 Nicolaas Smit, Bosbokrand.
12 Nicolaas Ferreira, Frankfort.
Elsje van Wyk, Bultfontein.
14 Frans Lortz, Frankfort.
Gielie Tredoux, Malmesbury.
Pieter de Waal, Paarl.
Maria Koekemoer, P.K. La Motte.
15 Cornelia Pieterse, Vryburg.
Susanna Els, Distrik Vryburg.
Adeline Lourens, Paarl.
16 Margrieta Basson, Kwaggafontein.
17 Elizabeth Reyneke, Cedarville.
Willie Erasmus, P.K. Mooinool.
18 Albertus Viljoen, S. Paarl.
Martha Viljoen, S. Paarl.
19 Carla Frankot, Stellenbosch.
Getruida Booysen, Kwaggafontein.
20 Gerda Smuts, Franschhoek.
22 Paulina Petzer, Stutterheim.
Jan Kilian, Middelburg, Tvl.
Albert Pieters, Frankfort.
23 Jacobus van Niekerk, Wellington.
Elsa Nel, Hugenoot.
24 Maria Boks, Parys.
25 Gert Senekal, Paarl.
Aletta du Toit, Kirkwood.
Meryna de Beer, Kakamas.
Hermann Bronner, Dist. Vryburg.
26 Jacobus Smit, Malmesbury.
Martha Rothmann, Dist. Vryburg.
George Botha, Observatory.
Zacharias Victor, Observatory.
27 Elise Laas, Wellington.
Clara Erasmus, Dwarsspruit, oor Rustenburg.
28 Delene Morland, Franschhoek.
Johanna Potgieter, Bosbokrand.
Coenie Theron, Koffiefontein.
29 Andrenette Cillie, Wellington.
Coenie Scheepers, Strydpoort.
30 Elizabeth Snyman, Frankfort.
Hester Nortje, Steenbokfontein, oor Koster.

# NEURENBERGVERHOOR WAS AS HEILDRONK INGESTEL

**Met die veroordeling aan 21 hoë Duitse amptenare voorverlede week in Neurenberg het die Neurenbergse wraaksitting ten einde geloop — vier jaar na die oorlog. Intussen is reeds klaar 'n nuwe lys van oorlogsmisdadigers opgestel waaronder name soos die van Churchill, Truman, Marshall en ander voorkom. Ook in Sjina is 'n lys van oorlogsmisdadigers opgestel ooreenkomstig kommunistiese praktyke van uitdelging van politieke teenstanders. Dat Neurenberg 'n Russiese skepping was waartoe Churchill en Roosevelt ingestem het, blyk uit onderstaande feite wat die oorsprong van die „hof" onthul. Deur hul samegaan het die Westerse lande daarmee die wet van die oerwoud weer ingevoer.**

Baie is al verneem oor die prosedure en regsverkragting van die Neurenbergse verhoor, maar dat die oorsprong van hierdie barbaarse regspleging terug te lei is tot een van die eetmale waar Stalin, Churchill en Roosevelt soveel as 35 heildronke weggeslaan het, is nie so algemeen bekend nie. Inderdaad is die die fondament vir Neurenberg gelê in een van hierdie gevorderde heildronke van die Russiese diktator.

Volgens Elliott Roosevelt, seun van die Amerikaanse president, wat die samesprekings bygewoon het, het Stalin aan die end van die eetmaal tydens die Teheran-konferensie in 1943 opgestaan om die „soveelste heildronk" in te stel. Hy self het 100 persent-kragtige vodka gedrink, terwyl Churchill volstaan het met sy „geliefkoosde brandewyn". Blykbaar was die voorwerpe waarop heildronke ingestel kon word teen hierdie tyd taamlik uitgedun, maar dit kan ook wees dat Stalin sy gaste in die regte stemming vir so 'n voorstel beskou het, toe hy gesê het:

**„ALMAL VAN HULLE"**

**„Ek stel voor 'n heildronk op die vinnigs moontlike regspleging vir al Duitsland se oorlogsmisdadigers — voor 'n vuurpeleton. Ek drink op ons eensgesindheid in die afhandeling van hulle so vinnig as wat ons hulle vang, almal van hulle en daar moet ten minste 50,000 van hulle wees!"**

Churchill was egter nog nie te ver heen om nie die implikasies van so 'n prosedure te besef nie. **Hy het teengewerp dat niemand sonder verhoor doodgeskiet moet word nie, en dat die Britse volk nie te vinde sal wees vir so 'n „massamoord" nie.**

**LAG-LAG**

Hierop het Roosevelt lag-lag gevra of hulle dit dan nie maar 49,500 moet maak nie, waarop Stalin reguit aan hom gevra het wat hy van die plan dink.

„Is die saak nie 'n bietjie akademies nie?" het die Amerikaanse president geantwoord. **„Die soldate sal dit vir ons oplos sover dit die meerderheid van daardie 50,000 betref, en ek hoop dat dit nie net daardie 50,000 sal wees wat mee afgereken sal word nie, maar ook honderdduisende Nazi's."**

**KRY SY SIN**

In sy boek „Advance to Barbarism" skryf 'n Engelse regsgeleerde in verband hiermee dat die Amerikaanse voorstel uiteindelik uitgevoer is: **„Stalin het sy massamoord gehad en Churchill sy verhoor.** Nie voordat die ystergordyn opgelig word nie sal ons weet hoeveel Duitsers wat krygsgevangene geneem of deur die geheime polisie in hegtenis geneem is, doodgemaak is — óf op staande voet óf na een of ander soort verhoor nie. Met inbegrip van diegene wat in Praag en Warskou gelikwideer is, en die wat in afgeleë distrikte van kant gemaak is, sal die totaal waarskynlik die 50,000 syfer wat Stalin genoem het, ver oortref."

**LIKWIDASIE VERKRY**

**In Neurenberg was die hofprosedure Brits, maar die dryfkrag was Russies, merk die skrywer op. Dit is 'n Russies-kommunistiese idee dat politieke teenstanders gelikwideer moet word. Dit was 'n uitgemaakte saak dat Stalin sou aandring op die teregstelling van die Duitse leiers omdat hulle anti-kommuniste was. Omdat die Westerse volke nie sou toestem tot 'n summiere teregstelling met 'n skoot in die agterkop, soos in Rusland nie, het Stalin handig gebruik gemaak van die Britse vorm van 'n hofsitting. „Solank likwidasie uiteindelik bereik word, het dit geen saak gemaak watter voorafgaande gekkighede gepleeg word om die kapitalistiese gevoeliges tevrede te stel nie," aldus die skrywer.**

## Hitlerjeug Marsjeer Weer

Uitgedos in lang swart broeke en wit hemde het agt jong Duitsers die afgelope week deur die strate van Dusseldorf gemarsjeer terwyl hulle die lied van die Hitler-jeug gesing het.

Die verbygangers kon hul ore nie glo toe die agttal hul lied eindig met die bekende woorde: „Deur donkerheid en gevaar sal ons saam met Hitler marsjeer". Toe hulle klaar was het hulle uitgeroep: „Sieg Heil!" Niemand is in hegtenis geneem nie.

## MALAN-BESOEK

(Vervolg van bls. 1 kol. 5)

ander dominiale eerste ministers. Kontakte wat nou vir die eerste maal gemaak word tussen dr. Malan en Britse ministers — met insluiting van mnr. Bevin en sir Stafford Cripps, lê 'n nuttige brug vir vriendskap waaroor vraagstukke wat Brittanje en Suid-Afrika raak, in wedersydse vertroue benader kan word.

„Dr. Malan het hierheen gekom as 'n feitlike vreemdeling — 'n nuweling met 'n reputasie — en daar was baie wat hom nie persoonlik geken het nie, wat gevrees het dat daar aan die een of ander kant iets lastigs of wantrouigs sou wees. Presies die teenoorgestelde het gebeur."

Te oordeel na die nuusberigte ontvang geen eerste minister die hoeveelheid aandag wat dr. en mev. Malan geniet nie. Hulle was reeds die gaste van die Koning, die Prinses en verskeie ander hoogwaardigheidsbekleders.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Jaarlikse Klag Van Indië

Indië se aanklag teen Suid-Afrika oor die behandeling van Indiërs in die Unie sal teen die end van die maand voor die V.V.O. dien.


Suid-Afrika, wat deur mnr. Eric Louw verteenwoordig word, sal waarskynlik aanvoer dat die V.V.O. geen reg het om hom in te meng met die huishoudelike sake van Suid-Afrika nie.

Vir die afgelope drie-vier jaar luister die volke van die wêreld nog gereeld na hierdie klag.

## BOU ONS EIE TROKKE BAIE GOEDKOPER

Die groot ontwrigting wat daar die afgelope jare op die Spoorweë geheers het weens die tekort aan trokke, sal binne afsienbare tyd heeltemal herstel wees, volgens die Minister van Spoorweë, mnr. Paul Sauer, verlede week aangekondig het. **Hy het onder meer bekend gemaak dat 'n Suid-Afrikaanse maatskappy trokke vervaardig wat goedkoper gelewer word as uit enige land van die wêreld.**

Teen die einde van die jaar behoort die Unie oor die bult te wees wat trokke betref. 'n Reëling met Amerika en Kanada waarvolgens laasgenoemde trokke maak met Amerikaanse staal vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë wat onder andere mangaan vir uitvoer na Amerika vervoer, werk tans ook baie goed, het die Minister gesê.



## Robot Wat Praat Help Blindes

**Verkeersligte wat praat sal een van die dae nie meer 'n seldsaamheid wees nie. Die nuwe soort robot wat onlangs in Brittanje gedemonstreer is, maak dit vir blindes en onkundiges makliker om oor strate te gaan. So vinnig as die lig van rooi, geel en groen oorslaan, so vinnig basuin die robot boodskappe soos „stop", of „gaan nou oor" uit. Die persoon op die foto is blind en luister na die boodskap dat hy nou maar oor die straat kan stap.**

# DUITSERS WIL NIKS VAN PARTYE WEET

**Die gewone Duitser stel nog steeds baie min belang in politiek en dit is veral diegene wat die Nazi-bewind ondersteun het wat niks met die partye te doen wil hê nie, skryf die korrespondent van die Cape Times uit Hamburg.**

As Duitsers uitgenooi word om by 'n party aan te sluit, dan bedank hulle eenvoudig daarvoor omdat hulle geen vertroue in die partye meer het nie. Daar is 'n wydvertakte gevoel om alle politici te wantrou as mense wat hulle eie belang soek en probeer om hulself te bevoordeel, aldus die berig.

Sapa-Reuter berig dat die Britse owerheid die Duitse Regse Party in Neder-Sakse in die ban gedoen het weens die party se „ultra-nasionalistiese en militêre neigings". In 'n brief aan die party se bestuur, skryf die streekowerheid dat daar gemerk word dat die party militêre neigings toon en dat ten spyte van waarskuwings die lede van die party voortgegaan het om toesprake met so 'n strekking te hou. **Verskeie prestasies van die Nazi-bewind is ook aangeprys en die „misdade van Duitsland" word nie veroordeel nie.**

## VERREGAANDE METODES IN VELDTOG VAN „BEDANKINGS"

Die bedankingsveldtog in die pers van 'n paar weke gelede wat die indruk moes gee dat talle O.B.-lede die Beweging verlaat het, het blykbaar weer afgeblaas, maar tot watter afstande dit gegaan het, blyk uit die geval waar die O.B.-hoofkwartier in Pretoria 'n brief ontvang het waarin 'n lasterlike aanval op die persoon van dr. Van Rensburg gedoen is. **Die brief is geskryf in die naam van 'n baie getroue ondersteuner van die Ossewabrandwag, mnr. J. L. Deysel van die distrik Ventersdorp.**

Toe mnr. Deysel die antwoord van die O.B.-hoofkwartier ontvang, was hy skoon uit die veld geslaan. Hy het onder meer as volg terug geantwoord:

„Ek ontken beslis, en ek kan 'n eed aflê dat ek nooit so 'n brief aan ons hooggeagte K.G. gerig het, soos waarvan u meld nie. Ek kan u verseker dat die K.G. nie by u of by enigiemand anders in hoër aansien staan as by my nie. Ek vermoed dat juis omdat ek die O.B. nog altyd in woord en daad getrou is, een of ander duistere mag waarvan daar baie is, daardie brief in my naam geskryf het.

„In die lig van wat ek hierbo genoem het, sal u begryp dat die inhoud van u skrywe my erg geskok het, dog dit sal geen afbreuk doen aan my trou en goeie gesindheid teenoor die hooggeëerde K.G. nie. Ek bly O.B."

## MINDER MOTORS UIT AMERIKA

Ten einde Suid-Afrika se inen uitvoer te laat klop met die dollarlande sal daar waarskynlik net £5,000,000 beskikbaar gestel word vir die invoer van motors uit Amerika vir die tweede helfte van hierdie jaar. Oorspronklik sou £10,000,000 hiervoor beskikbaar gestel gewees het.

Hierdie beperking sal waarskynlik oorsaak wees dat baie minder motors uit Amerika ingevoer word. Volgens berekenings is daar gedurende 1948 motors ter waarde van £40,000,000 uit die buiteland ingevoer.

Geen beperkings op die invoer van motors uit die sterlinglande is nog aangekondig nie.

## 45-JARIGE VROU SKENK LEWE AAN 35e KIND

Mev. Raben Lopez (45), van Nu-Meksiko wie se 35e kind in 1947 gebore is, het vermoedelik 'n wêreldrekord vir die moderne tyd daargestel. Sy is die vrou van 'n arbeider. Die kinders was almal enkelgeboortes. Die rekord is aan die lig gebring tydens die voorbereiding van die jaarverslag oor geboortes, wat saamgestel is deur die departement van gesondheid.

Die Amerikaanse mediese vereniging het aangedui dat 62 geboortes aan een vrou waarskynlik die grootste aantal in die geskiedenis is. Volgens die geskiedenis van Newcastle, Engeland, wat verskeie eeue gelede geskryf is, was 'n Skotse wewer en sy vrou die ouers van die kinders. Mediese boeke toon die geval van 'n vrou wat in die vorige eeu 51 kinders in die wêreld gebring het, terwyl 'n ander geval 44 geboortes toon — almal seuns.